

Afdeling A: Leesbegrip

Vraag 1

Die meeste kandidate het die opdrag om antwoorde in volsinne te gee, uitgevoer. Dit is 'n groot verbetering op vorige jare. Kandidate is egter nog steeds geneig om dele direk uit die leesstuk as antwoorde te gee. Derhalwe is daar nog ruimte vir verbetering ten opsigte van die vaardighede by die beantwoording van vrae by die leesbegrip.

By vraag 1.4 en vraag 1.6 het kandidate dit moeilik gevind om tussen die begrippe *voordeel* en *nut* 'n onderskeid te tref.

By vraag 1.7.2 het kandidate versuim om 'n aanhaling te gee en het dit moeilik gevind om opeenvolgende woorde uit die teks neer te skryf - of miskien verstaan hulle nie die begrippe nie.

Vraag 2

By die Advertensie het die kandidate 'n bietjie kleigetrapped. Die vrae is nie goed beantwoord nie, omdat kandidate nie die advertensie goed verstaan het nie.

Die woord *teikenmark* by vraag 2.4 het ook geblyk problematies te wees. Baie van die kandidate kon nie 24/7-toegang verduidelik nie.

Vraag 3

Baie kandidate kon nie by die vereiste lengte van die opsomming hou nie en het dus punte as gevolg daarvan verbeur. Kandidate het ook gesukkel om die opdrag korrek uit te voer - baie weet nie hoe om 'n wenk te gee en hoe om dit puntsgewys te doen nie. Telegramstyl is nog dikwels gebruik.

Afdeling B: Taalgebruik in Konteks

Vraag 4

Die kandidate se kennis van skryftekens laat veel te wense oor. Verder het hulle ook gesukkel met spelling, die meervoud en verkleinwoord. Afkortings het ook aandag nodig. Verlede tyd en woordorde is problematies.

Vraag 5

Die woordorde by die indirekte rede en ontkenning (negatief) is oor die algemeen verkeerd gebruik.

Vraag 6

Die betekenis van woorddele (morfeme) en die woordorde by die lydende vorm moet deeglik onderig word. Idiomatiese uitdrukkings het aandag nodig.

Baie kandidate het dit moeilik gevind om die trappe van vergelyking van mekaar te onderskei en te identifiseer. Letterlike en figuurlike taalgebruik is vir baie kandidate 'n probleem.

Vraag 7

Die redigeringsvraag is steeds vir van die kandidate 'n probleem -voornaamwoorde word verkeerd gebruik, leestekens word verkeerd gebruik en taalfoute kan nie maklik gekorrigeer word nie.